

1. En dit is die ander een van die twee wat u gekap het? --  
Ja, u edele.
2. En dit is die enigste persone waarvan u seker kan wees? --  
Waarvan ek seker is, ja.
3. So ver ek van die vorige gehoor kan onthou was daar geen  
sprake van ander persone wat jou aangeval het, daar was net daar-  
die twee? -- Daardie twee ja, u edele, daar mag meer gewees  
het maar nie wat ek gesien het. Twee het omgespring sien. Vier  
het gehardloop en toe spring twee om.
4. Dink jy nie jy sou ander persone moet gesien het as hulle  
jou aangeval het nie? -- Ek meen so ja, die moontlik dat ek  
hulle moontlik kon gesien het, maar dit het als so gou gegaan 'n  
mens is nie altyd seker nie.
5. DEUR DIE HOF: Die persoon wat u nou eerste gesien het wat u  
aanval, kon u sien wat hy mee aanval? -- Edele wat ek definitief  
van seker was is die een wat my arm afgekap het. Dit was 'n byl.  
Die het ek gesien, so 'n kort wit byltjie, 'n nuwerige byltjie  
ek het gesien die vorm, als, hy het so gblink wat hy kap.
6. Waarom so u die een wat nou die arm afgekap het was hy nie  
die een wat u die eerste aangeval het nie? -- Dit moet hy wees  
ja, hy het vinnig gekap, baie vinnig gekap, ek kan nou nie meer  
onthou hoeveel hou hy na my gekap het nie, maar hy het vinnig  
na my toe gekap, met 'n blink voorwerp.
7. U het ook van 'n mes gepraat? -- Het ek gepraat van 'n  
mes. Edele ek weet nou nie, ek kan nie seker so nie, maar hy  
het definitief wapens gehad want dit het alles geblink soos hy  
gekap het, jy weet.
8. MNR. VAN RYNEVELD (Vervolg): Die plek waar u geval het,  
u sê dit was daar donker? -- Ja, u edele, dit was daar donker.
9. DEUR DIE HOF: Was dit in die straat of waar was dit? --  
Dit was op die sygaardjie, by Vermeulen se huis, voor die deur.

1. Voor die Vermeulen's se huis? -- ~~MNR. PEROLD.~~ Ja, Edelagbare.
2. MNR. VAN RYNEVELD (Vervolg): En die straat ligte was aan die anderkant van die straat? -- Ja, u edele.
3. Sal u net op hierdie foto kyk, dit is gemerk hier B.18. nie waar nie? -- Ongeveer hierso, memner, net hier by die hekkie.
4. Voor die eerste huis aan die linkerkant van die foto? -- Ja, kyk dit is Vermeulen se huis, hierso so omtrent.
5. Is dit daar? -- Ja.
6. Nou, as ek na die foto kyk, dan lyk dit asof die paal aan die anderkant van die straat een is wat nie 'n lig het nie, kyk net? -- Dit is donker daar, of die lig uit was weet ek nie, maar dit was definitief donker.
7. H. VERHOOR MNR. TRAUT : Geon vrae nie.

=====

DANIEL GERHARDUS PEROLD: Verklaar onder eed:

8. VERHOOR DEUR MNR. TRAUT: Nou Mnr. Perold, ek wil nou die hele storie oorgaan met u nie, kan u net vir ons sê: U is die eienaar van die eiendom by Loopstraat 4? -- Ja.
9. U is dan ook die eienaar van die aangrensende huis waar Mev. van Dyk bly? -- Ja.
10. Is dit 'n skakelhuis? -- Dit is 'n skakelhuis.
11. Nou, die aand met die onluste, u vrou het nou net getuig van 'n pistool, of rewolwer wat sy gebruik het daardie aand, kan u net vir die Hof sê watter soort pistool dit is? -- Edelagbare ek kan nie sê watter soort dis die gewone rewolwer. Hy vat ses patrone, die wat die rolletjie het.
12. Weet u watter grote kogels skiet hy? -- Ek dink Mnr. Vermeulen sal miskien weet wat die nommer van die -- maar hy het die rewolwer gehad. Hy het dit in sy besit gehad, miskien kan hulle sê die grote van die kogel.

1. DEUR DIE HOF: Waar is die rewolwer, het u nog nooit? -- Ek dink dit is in 303 patroon wat dit is, of 'n 203. Ek kan nie se u Edelagbare, die nommer van die patroon nie.
2. MNR. TRAUT (Vervolg): Het u dit aan Mnr. Vermeulen oorhandig daardie pistool? -- Aan Sersant Vermeulen. Sersant Vermeulen het dit vir my gebring, maar ek het dit oorhandig aan 'n ander Sersant van die Pörel.
3. Het u vasgestel dat daar skade aangerig is aan u huis aan enige van die twee eiendomme? -- Ja, die assurance het dit laat regmaak. Dit was verassureer gewees.
4. Maar sê net vir ons wat het dit u gekos, of wat het dit hulle gekos? -- Dit het vir hulle gekos R45.
5. Vir beide? -- Vir beide huise ja.
6. Kan u aan ons se wat was verkeerd? -- Die anderkanste huis was stukkend gewees.
7. Dit is nou Mnr. van Dyk se huis? -- Mnr. van Dyk se huis. 'n venster, en daar was drie ruite uit stukkend, binne in die huis het hulle 'n deur stukkend gekap, nie so erg nie, maar hy was stukkend gekap - dis al aan daardie kant. By my kant het hulle groot venster stukkend gegooi en my binnekanste kamer-venster was stukkend, en my voordour se venster was stukkend gegooi, en my kamervenster en kamerdeur het hulle flenters gekap.
8. Die moeste skade was aan u kant van die huis? -- Ja.
9. Het u die pistool ter enige tyd in Sersant Vermeulen se besit gesien? -- Nee, hulle het vir my gesê die dag daarna Mnr. Botes het dit.
10. Het hy dit toe weer terug gebring? -- Hy het dit weer terug gebring.
11. Sersant Vermeulen het die pistool toe aan u terug gebring?-- Terug gebring ja.
12. KRUISVERHOOR D. MR. MNR. GIBSON: Geen vrae nie.

HOF HERVIT 30/4/63:

JACOBUS JOHANNES DE WET BASSON, beëdig verklaar:

1. VERHOOR DEUR Mnr. STADLER: U is 'n speurder adjutant offisier, S.A. Polisie, gestasioneer te Kaapstad ?-- Korrek.
2. U was behulpsaam met die ondersoek van hierdie saak in Desember laasjaar ?-- Ja.
3. Op 21/1/63 het u 'n onderhoud gehad met Beskuldigde nr. 12, Culbert Mayongo nou voor die Hof ?-- Dit is te reg, by die speurderskantore te Paarl.
4. Was daar 'n tolk teenwoordig toe u hierdie onderhoud gehad het ?-- Bantoe spr. sers. Ludada het as tolk opgetree.
5. En was die betrokke Beskuldigde nugter en by sy volle verstand ?-- Hy was.
6. Het u hom enige waarskuwing gegee voor die onderhoud ?-- Ek het hom die gewone waarskuwing gegee, dat hy nie verplig is om enigiets te sê nie, en dat ek sekere vrae aan hom gaan stel aangaande sy bewegings op die nag van 21-22/11/62.
7. Het hy vrywillig 'n verklaring gemaak ?-- Hy het.
8. Dit is aan u getolk ?-- Korrek, deur spr. sersant Ludada.
9. Het u hom gesê dat u 'n polisiebeampte is ?-- Ek het.
10. Kan u dan net aan die Hof sê wat die Beskuldigde aan u gesê het ?-- Hy het gesê dat hy 'n plek sal uitwys in Daljosaphat waar hy die nag van 21-22/11/62 geslaap het. Hy het ontdek dat hy enigiets te doen gehad het met die onluste waarvan ek hom ondervra het. Bantoe spr. sersant Ludada en myself het hom toe na Daljosaphat geneem na die persele van die Sagte-vrugte Raad, naby Daljosaphat spoorwegstasie.
11. Hoekom het u hom daarheen ?-- Hy het ons soontoe geneem. Hy het ons geneem na twee Bantoe kamers aanmekaar gebou 'n end van die hoofgebou af. Daar het hy twee kamers aan ons uitgewys asook twee Bantoe mans, bewoners van die kamers. Hy het gesê dat hy aangeklop het en vir slaapplek gevra het, en dat hy daar geslaap het. Beide die Bantoe bewoners van die kamers

het ontken dat hy ooit daar geslaap het of selfs dat hy ooit daar vir slaapplek gevra het.

1. Mr. VAN RYNEVELD ADDRESSES COURT:

2. BY THE COURT: I think that we decided yesterday that this evidence will only be evidence -- not of what was said -- but of the reaction.

3. VERHOOR DEUR Mnr. STADLER VERV.: Wat was die reaksie van die Beskuldigde op hierdie ontkenninge?-- Hy het na 'n rukkie gesê dat hy het by 'n ander plek geslaap.

4. Kan u miskien die name gee van die twee Bantoes wat hy vir u gegee het?-- Ek het die aantekeninge in my sakboekie die dag van die voorval gemaak. Die een se name is Douglas Jakobe en die ander is Anderson Ntuntsha. Hy het toe gesê hy het by 'n ander plek geslaap en het gewys na 'n fabriek van Cape Wrappers Ltd. Die fabriek is ongeveer 100 treë vanaf die Bantoe kamers wat hy in die eerste plek uitgewys het. Hy het gesê dat 'n persoon daar werk by wie hy geslaap het. Hy konnie sy naam noem nie maar hy kon hom uitwys. Ek het hom na die fabriek geneem en binne in die fabriek het hy die Bantoe-werknemers deurgekyk en toe 'n Bantoesman uitgewys as die persoon by wie hy sou geslaap het. Deur middel van die tolk het ek toe die Bantoesman gevra of hy die Beskuldigde nr. 12 ken. Beskuldigde was teenwoordig gewees. Ons was toe buite-kant die fabriek; ons het eers uitgegaan tot by die ingang van die fabriek en toe het die Bantoesman gesê hy ken nie vir Beskuldigde nie.

5. Wat was Beskuldigde nr. 12 se reaksie daarop gewees?-- Hy het niks gesê sover ek kan onthou nie; hy het ook niks gedoen nie, maar ek het toe van my kant af vir die Bantoesman weer gevra, en hom gesê: "Die man beweer dat hy die sekere nag by jou geslaap het," toe het hy so 'n rukkie stilgestaan en gesê: "Ja, die man het daar geslaap."

6. Ek wil net die een punt duidelik kry. Die eerste uitneming

na die eerste twee persone by Daljosaphat, is hulle deur die Beskuldigde werklik uitgewys aan u ?-- Ja. .

1. Dit was voor daar enige gesprekke was van die kant van die twee Bantoemans ?-- Ja.

(Geen verdere vrae nie)

2. KRUISVERHOOR DEUR Mnr. GIBSON: U het verskeie verklarings geneem in verband met hierdie ondersoek ?-- Dit is reg.

3. Gedurende watter tydstip ?-- Vanaf 22/11/62 tot die 29ste Januarie 1963.

4. Het u hierdie verklarings aan spr. sersant Vermeulen oor-gehandig ?-- Nee, ek het dit aan Lt. Potgieter oorhandig. Hulle was in die kantore van die speurders te Pêrel gehou na my wete. Al die oorspronklike verklarings wat geneem was het ek in my besit gehad en toe ek weggaan het ek dit aan Lt. Potgieter oorhandig.

5. Watter datum ?-- 29/1/63, of die 28ste. Ek weet die 29ste was ek terug in my kantoor in die Kaap. Ek kannie presies die datum onthou nie.

6. Het u 'n verklaring geneem van Makhaphela ?-- Szandisele Makhaphela, ja.

7. Die getuie Ndala ?-- Ek het 'n aanvullende verklaring van Ndala geneem.

8. Kan u die datums vasstel -- eers die verklaring van Makhaphela ?-- Dit was 3/1/62 (getuie verwys na sakboek.) Vir Jackson Ndala, het ek die aanvullende verklaring op 14/1/63 geneem.

9. Hoekom praat u van 'n aanvullende verklaring? Is dit die tweede verklaring wat u van hom geneem het ?-- Dit is in die sin aanvullend dat die getuie Jackson het gesê dat hy het 'n vorige verklaring gemaak, daarin is sekere foute begaan en hy wil graag die foute regstel, en dit is toe op skrif gestel, die verklaring wat hy toe weer gemaak het.

10. Dit is nie in die teenwoordigheid van spr. sersant Vermeulen nie ?-- Nee, hy was gladnie daar gewees nie. Hy was

vir 'n geruime tyd nie in die Kaap gewees; hy was op verlof en die verklaring is geneem voor hy teruggekom het.

1. En die verklaring van Makhaphela ?-- Ek het net die een verklaring van Makhaphela geneem.

3. Was daar 'n vroeëre verklaring gewees ?-- Ek is nie seker nie maar ek dink op Worcester was daar een of ander onderhoud met Makhaphela gewees. Ek het hom van Worcester af laat oorbring na sekere inligting wat ek gekry het. As gevolg daarvan het ek die verklaring geneem.

4. Het u hom gevra of hy bereid is om getuienis in een of ander saak af te lê ?-- Ek het dit nie pertinent aan hom gestel, of hy bereid is om getuienis af te lê nie. Ek het hom net gevra of hy bereid is om 'n verklaring te maak. Die vraag van getuienis het ek nie met hom bespreek nie, of hy bereid sal wees om 'n getuie te wees; dit is heeltemal buite my perke.

5. En Ndala ?-- Dieselfde.

6. Die verklarings wat u geneem het, het u ooit daaromtrent met sers. Vermeulen, die verklarings of die hele saak ?-- Ons het die saak bespreek, en toe ek weggegaan het het ek ook vir hom gesê wat ek reken nog gedoen moet word, en die mense wat nog gesoek word. Ek kannie presies onthou of ek spesifieke verklarings met hom bespreek het nie.

7. U het nie die spesifieke verklarings van Beskuldigdes met hom bespreek ?-- Nee.

8. DEUR DIE HOF: Kan u onthou ?-- Nee. Ek glo nie ek het met hom bespreek nie want op daardie stadium het ons gladnie gewet wie gaan Beskuldigdes wees nie. HULL: het reeds agterna besluit, na ek weg is.

9. Hoeveel is daardie tyd aangehou, omtrent ?-- Dit was 380 min of meer, as ek reg onthou.

10. KRUISVERHOOR DEUR M<sub>r</sub>. GIBSON VERV.: Weet u van die

fotos wat aan die getuies getoon was ?-- Ja.

1. Hoe het u daarmee te werk gegaan ?-- Die fotos was in 'n bundel verbind en dit is genommerd, en die persone wat verklarings afgelê het is gevra of hulle van die voorste tot die laaste van die fotos sal deurkyk en besondere persone daar sal uitwys na gelang van die vrae wat gestel is aan die getuie, of watter persoon dit verwag was hulle sal kan uitwys. In die algemeene was dit gestel: "Kyk die persone deur in die fotos."
2. En as hy sê: "Ja, ek ken daardie man." ?-- Dan vra ons: "Wat weet jy van die man af, of wat is die posisie."
3. Hoe het jy die name vasgestel ?-- Ons het die name gehad.
4. Waar is die name ?-- Op die agterkant van die fotos.
5. Kon die getuies dit maklik kon gesien het ?-- As hulle daarna gekyk het, ja.
6. Dis heelmoontlik dat hulle wel gekyk het ?-- Dit is heeltemal moontlik.

(Geen verdere vrae nie)

7. KRUISVERHOOR DEUR M<sub>r</sub>. VAN RYNEVELD: Wat betref die eerste plek wat Beskuldigde nr. 12 uitgewys het, het hy die deur uitgewys ?-- Die gebou -- daar is twee kamers wat een gebou is. Die een deur is aan die eenkant en die ander deur is aan die teenoorgestelde kant. Dis twee aparte kamers aanmekaar.
8. Het hy na 'n deur gewys waarop hy geklop het ?-- Ja, hy het die deur gewys aan die voorkant en ook 'n deur aan die agterkant.
9. Het jy toe geklop en mense uitgekom ?-- Nee, die mense was buitekant.
10. Het hulle toe na julle toe gekom ?-- Hulle het daar by die kamers gestaan.
11. Julle het toe na hulle gegaan en met hulle gepraat ?--Ja.
12. DEUR DIE HOF: Toe die Beskuldigde op die deur klop kon hy die mense gesien het ?-- Nee, hy het net geklop; hy was nog



buite. Toe ons aankom het daar twee Bantoes gestaan en hy het gesê dit is die twee Bantoes wat hy by was, eers die een en toe die ander een.

1. KRUISVERHOOR DEUR Mnr. VAN RYNEVELD: Het hy nie eers die deur waarop hy geklop het uitgewys ?-- Ek kannie dit presies onthou nie; hy het die deur uitgewys maar terselfdertyd het hy ook die persone uitgewys.
2. Was dit naby die deur ?-- Hulle het naby die kamers gestaan, ek sou sê 'n kwessie van 15 of 20 treë van die kamers.
3. Hulle is klaarblyklik die twee Bantoes wat daar gebly het ?-- Hulle het so gesê; toe hulle daar staan en die Beskuldigde hulle uitgewys het het hulle gesê hul bly in daardie kamers.
4. Is dit moontlik dat die Beskuldigde hul uitgewys het nie as mense wat hy ken maar as die mense wat daar bly ?-- Nee, hy het gesê dis die mense waar hy geslaap het.
5. Is jy seker daarvan? Is dit nie so dat hy gesê het: Dit is die plek waar hulle gaan slaap het, of wou slaap het, of aan die deur geklop het ?-- Hy het gesê: "Ek het hier aangeklop en hier het ek geslaap."
6. Kan u Xosa praat ?-- Nee.
7. Sodat alles vertolk was tussen julle ?-- Ja.
8. Besk. nr. 12 sal sê dat hulle wel op daardie deur geklop het maar op die aand van die 21ste nie daardie mense gesien het nie ?-- Nee, hy het dit nie aan my gesê nie.
9. In elk geval julle was toe na die plek naby, Cape Wrappers ?-- Dit is reg.
10. Hy het die persoon <sup>Attwell</sup>/Mnyani uitgewys ?-- Dit is reg.
11. Het jy Beskuldigde gevra wat die naam van die persoon is ?-- Hy het geen naam aan my genoem nie. Hy het gesê hy sal die man uitwys.
12. Het jy vir hom gevra of die man ken, die naam van die

man ?-- Nee. Ek het hom nie spesifiek gevra wat die man se naam is nie; hy het gesê hy sal die man uitwys. Hy het defintief geen naam aan my genoem.

1. DEUR DIE HOF: Ek het verstaan jou getuienis dat hy gesê het hy konnie sy naam noem nie, maar hy kan hom uitwys ?-- Ja, ek is nie seker op daardie punt nie, of ek hom gevra het vir die naam, maar hy het defintief nie 'n naam aan my genoem nie.
2. KRUISVERHOOR DEUR Mnr. VAN RYNEVELD: U sal erken dat hierdie klein puntjies baie belangrik is, of hy sy naam geken het of nie ?-- Wel, hy het nie 'n naam aan my verstrekkend nie.
3. Dit is nie dieselfde getuienis as die getuienis wat jy voorheen gegee het, "kon nie sy naam noem nie." ?-- Dit is wat gebeur het, hy het nie 'n naam aan my genoem nie. Soos ek sê, ek is nie baie seker op daardie punt, of ek hom spesifiek gevra het vir die naam. Ek kan dit nie onthou nie.
4. Toe die man Mnyani nou uitkom het hulle beide buitekant gestaan, en jy het Mnyani gevra of hy hierdie man ken ?-- Ja.
5. Wat het hy daarop geantwoord ?-- Hy het eers gesê hy ken hom nie.
6. Gladnie ?-- Ek het hom ondervra van die kennis wat/hulle bestaan. Ek het hom vrae gestel wat die Beskuldigde beweer gebeur het.
7. Jy het hom eers gevra of hy hom ken. Het jy eers vir sy naam gevra ?-- Ek het hom gevra of hy hierdie persoon ken en die getuie, aan die Beskuldigde gewys. Ek het geen naam genoem nie.
8. En hy het gesê hy ken hom nie ?-- Dit is reg.
9. Hulle bly in dieselfde kamer Mnyani en Beskuldigde nr 12. ?-- Dit is wat gebeur het. Die man het gesê: "Ek ken nie die man nie." So was dit aan my vertolk.
10. Kan jy verduidelik hoe dit gebeur het? Volgens jou mening, was daardie man bang ?-- Al wat ek kan sê is dat die man, na my mening, het geskrik.

my mening.

1. Het jy toe vir hom gesê: "Hierman beweer dat julle twee saam daardie aand geslaap het" ?-- Ek het, en daarop het hy ontkennend geantwoord dat die man wel daar geslaap het.
2. Is dit nie 'n feit dat Myongo gebooi was ?-- Hy was.
3. Was u in uniform ?-- Ek besit nie 'n uniform nie.
4. En Ludada ?-- Hy ook nie, hy was in privaatdrag.
5. DEUR DIE HOF: In elk geval, jy het die persoon gesê julle is polisiebeamptes ?-- Ja.
6. KRUISVERHOOR DEUR M<sup>r</sup>. VAN RYNEVELD: Wat betref die eerste voorval, die huis waarnatoe julle eers gegaan het, daar is punte waarvan jy nie heeltemal seker is nie. Is daar nie 'n klein foutjie in jou getuienis wat betref daardie voorval. Al wat Beskuldigde nr. 12 wel uitgewys het was daardie deur ?-- Nee, hy het die twee persone uitgewys en ook albei die kamers.
7. Het Ludada eers gepraat met die mense en gevra of hulle daar bly ?-- Ek weet nie wat hy gevra het nie; dit was Xosa.
8. Was dit voor Beskuldigde die twee uitgewys het dat hy gepraat het ?-- : Nee.
9. Hierdie twee het buitekant gestaan; julle kom nader en Ludada het seker iets vir hulle gesê voor hulle met jou gepraat het en voor jy na die huis gegaan het ?-- Die twee Bantoes het buite die kamers gestaan en toe ons uit die motor uitklim het Beskuldigde nr. 12 gesê: "Daardie man en daardie man," en hy het hulle uitgewys. Andersins ons het nie met die mense gepraat nie.
10. Hy kon die gebou uitgewys het ?-- Ja, die het hy uitgewys. Hy het vir ons gesê waar om te ry en waar ons moet stilhou.
11. Dit is taamlik lank gewees wat dit gebeur het; kon daar nie 'n fout gekom het dat hy net die deur uitgewys het, maar nie die persone nie ?-- Nee, hy het hulle definitief uitgewys.
12. U het seker baie soortgelyke gevalle ondersoek sedert daardie tyd ?-- Ja.

1. Jy het notas geneem vanwat daardie dag gebeur het ?-- Wel, die name van mense is daar neergeskryf.
2. In die boek ?-- Ja, ek het net nota gemaak dat ek onderhoud met hulle gehad het.
3. En dit is alles wat jy het om jou geheue te verfris ?--Ja.
4. Dit is drie maande gelede wat hierdie voorval gebeur het ?-- Ja.
5. DEUR DIE HOF: Die eerste twee Bantoes wat hy uitgewys het, hulle name is neergeskrywe ?-- Ek het aantekening in my sakboek gemaak, dat ek 'n onderhoud met hulle gehad het.
6. KRUISVERHOOR DEUR Mnr. VAN RYNSVELD VERV.: Wat betref die algemene ondersoek het u gesê dat u baie verklarings geneem het ?-- Ja, ek het baie verklarings geneem.
7. Waar is hulle gehou ?-- Ek het hulle gehou totdat ek terug Kaap-toe gegaan het.
8. In die blou boek ?-- Dit was in boekvorm verbind en dan was ander in 'n gewone rekord omslag met rooilint verbind. Die blouboek was vol, daar konnie meer verklarings bygesit word nie, en toe is die gewone omslag gebruik vir die ander verklarings.
9. Hulle was altyd saamgehou ?-- Dit was in my persoonlike bewaring.
10. Nadat u die ondersoek van die saak oorhandig het, het u gesê dat u die verklarings aan Lt. Potgieter gagee het ?--Ja.
11. Sersant Vermeulen het dan die saak oorgeneem ?-- Ja, hy het agtergebly hierso om aan te gaan met die ondersoek.
12. Was julle vir 'n tydjie saam in die ondersoek ?-- Hy het aan die begin gewerk, vir 'n week of twes.
13. Net voor jy weggegaan was julle vir 'n kort tyd weer mekaar ?-- Ja.
14. Waarom is die verklarings aanlt. Potgieter oorhandig en nie aan sersant Vermeulen ?-- Lt. Potgieter was offisier in

bevel van die hele ondersoek. Hy het die dokumente gesorteer en nagesien.

1. Het sers. Vermeulen ook verklarings geneem voor jy weggegaan het ?-- Ja.

2. En hy het seker geweet dat al die verklarings aan lt. Potgieter oorhandig was ?-- Ja, hy het geweet.

3. 'n Mens sou so dink, as twee mense op dieselfde ondersoek besig is, hulle sal elk van die verklarings weet ?-- Sers. Vermeulen was vir weg op verlof en hy konnie geweet het wat in die tussentyd gebeur het, watter verklarings geneem is nie.

4. Maar nadat hy teruggekom het ?-- Ja.

5. Dit was op daardietyd stip wat die verklarings aan lt. Potgieter oorhandig is ?-- Ja.

6. En van sy verklarings is ook aan lt. Potgieter gegee ?-- Ja, hy geweet van die verklarings wat daar is. Hy het in elk geval geweet van die verklarings wat in my besit was. Ek het al die oorspronklike verklarings, ons het afskrifte van die verklarings gemaak maar al die oorspronklike verklarings het ek persoonlik gehou.

7. Was daar verklarings van die Beskuldigdes onder daardie verklarings ?-- Ja.

8. Kan jy onthou wat betref daardie verklarings van die Beskuldigdes, het u en sers. Vermeulen ook oor daardie verklarings gegaan, in daardie tydperk voor jy weggegaan het ?-- Ons het geen spesifieke verklarings gesprek n.l. In die loop van die ondersoek sal daar natuurlik oor verklarings gespraak gewees het, maar ons het geen spesifieke verklarings bespreek nie.

9. Kan jy onthou of julle twee na die verklarings geky het gedurende daardie paar dae voordat jy weggegaan het en na sers. Vermeulen teruggekom het ?-- Nee, die verklarings was toe in my besit gewees. Op daardie tydstip het hy definitief

nie toegang tot die verklarings gehad nie.

1. DEUR DIE HOF: Ek het verstaan u sê op daardie stadium het u nog nie geweet wie gaan getuies wees en wie nie?-- Dit is heeltemal reg.

HER-

2. VERHOOR DEUR Mnr. STADLER: Om terug te kom na die foto-uitkenning; toe die getuies fotos gewys is, kan u sê of hulle die name van die fotos sien voor hulle die fotos sien?-- Nee, hy kyk deur die fotos, en die fotos is so gelê dat hy sien eers die foto en dan blaai hy om en sien hy die volgende foto. (Getuie beduie.)

3. U het nou gesê voor sers. Vermeulen weg is, in die begin van die ondersoek van hierdie saak, het u saam gewerk?-- Ja.

4. Het u tesame die onderhoude gehou of apart?-- Nee, hy het heeltemal op sy eie gegaan, hy was nooit saam met my nie.

5. In verband met die uitneem van Beskuldigde nr. 12, die gebou wat uitgewys is, weet u of daar by die agterste deur 'n slaapkamer is?-- Ek het nie in die kamers ingegaan nie; ek kannie sê hoe dit lyk.

6. DEUR Mnr. GROENEWALD: Toe julle in die kar gery het, watter plek het jy ingeneem in die motorkar op pad na die gebou waar hy die kamer moet uitwys?-- Ek het agter by die Beskuldigde in die motor gesit.

7. Wat was die opdrag aan Beskuldigde, wat was die doel; wat moes hy uitwys of wat moet hy doen?-- Die Beskuldigde het die aantuiging gemaak dat hy die sekere aand by 'n sekere plek geslaap het en hy moes die plek en persone uitwys.

8. Toe julle aankom watter indruk het jy gekry? Was hy getrou met die plek daar, die omgewing?-- Dit het so voorgekom.

9. Het julle reguit daarheen gery?-- Ja.

10. DEUR DIE HOF: Het Beskuldigde gesê waar hy werk?-- Ja, hy het gesê, maar ek kannie onthou nie.

11. Mnr. GROENEWALD: Het dit enige twyfel by u gelaat toe

hy die eerste plek uitwys? Is dit die plek wat hy voorgee  
?-- "ee, hy het ons soontoe geneem en gesê hier is die plek  
waer hy geslaap het.

1. Hoe vergelyk die plek wat hy tweede uitgewys het met die  
plek wat hy eerste uitgewys het ?-- Die eerste plek is twee  
kamers wat aanmekaar gebou is, en die ander is 'n groot  
fabriek.

2. ADEUR DIE HOF: Waar is die kamers ?-- Dit is 'n ruskamer  
in die agterplaas van die fabriek, agter die ringmuur. Daar  
is 'n groot ringmuur van omtrent 7 of 8 voet.

3. Dis nie 'n woonplek nie ?-- Nee, dis 'n ruskamer.

4. Mnr. GROENEWALD: Is dit bedoel vir werknemers uitsluitlik  
of weet u nie ?-- Nee, volgens die bestuur daar is dit 'n  
ruskamer vir die Bantoewerknemers.

5. DEUR Mnr. van RYNEVELD: U het gesê daar is 'n omheining  
om die fabriek; is dit in baie plekke oop ?-- Ek het nie die  
fabriek geïnspekteer nie. Die Beskuldigde het vir my 'n  
hek gewys waar hy sou oorgeklim het om by die ruskamer te kom.

HOF VERDAAG:

HCF HERVAT 11.15 vm.

JACOBUS JOHANNES DE WET BASSON, nog onder eed:

6. KRUISVERHOOR DEUR Mnr. VAN RYNEVELD: Het u gehoor van 'n  
persoon Mbatana en ook ene Ncube in verband met die optog in  
die Pêrel ?-- Ja, onder ander name; dit is spreekname waarby  
hulle bekend is, maar hulle regte name is anderste.

7. Jy weet van die persone waarna verwyrs word ?-- Ja.

8. Is die persone daardie aand geskiet ?-- Ja.

9. Het jy gesien ?-- "ee, dit is aan my gesê, ek het die  
lyke gesien, na die optog.

10. Het jy van Koboka gehoor ?-- Ja.

11. Is hy ook dood ?-- Ek weet nie; ek het die naam gehoor  
maar ek kannie sê of hy van die oorledenes is nie. Hy is

ook met 'n ander naam bekend. Dis net die byname wat ek later gehoor het.

1. Weet jy wat sy regte naam is ?-- Nee, ek kannie nou sê nie.
2. En die ander twee, Mbatana en Ncube ?-- Die een is Sigweba en die ander Boyangana. Hulle is B.1 en B.5 in die album.
3. Het u die lys van persone voor u (Bewys. O) ?-- Ja.
4. Is dit die persone wat aangehou was in verband met die ondersoek van die saak ?-- Ja, waarvan fotos geneem is, insluitende die oorledenes.
5. In verband met die twee persone waarna verwys word, Mbatana en Ncube, is hulle fotos onder daardie fotos ?-- Ja, dit is B.1 en B.5.
6. Hulle is albei dood ?-- Ja.
7. Ek verstaan dat u jy vir Koboka gesoek het maar nog nie gekry het nie ?-- Die naam Koboka was genoem maar ek onthou nou nie in verband waarmee hy in die tronk aangehou was. Ek het rekords daarvan maar ek kan nie nou onthou nie.
8. En Fenela Matacinca ?-- Ja, ek ken daardie persoon. Voor die onluste en tye van die onluste was hy inhegtenis gewees.
9. Was sekere persone net voor die Woensdagaand gearresteer ?-- Ja, na my wete weet ek dat die man Fenela Matacinca inhegtenis was; ek het hom na die gevangennis toe geneem.
10. Asook ander beweerde leiers van Poqe in die Pêrel, is hulle saam met Fenela gearresteer ?-- Nee, ek kannie sê of hulle leiers was of nie, maar daar was ander Bantoes aangehou. In verband met die andere kan ek nie sê dat enige van hulle saam met Matacinca saangehou was; ek weet net van een, en dit was 'n jeugdige gewees.
11. DEUR DIE HOF: Ncube is B.5 ?-- Die byname het ek op ander fotos neergeskryf, maar ek dink dit is hy hier.
12. HERVERHOOR DEUR Mnr. STADLER: Weet u of daar die oggend



- van die 22ste, of die nag van die 21ste, gedurende die onluste, 'n persoon met 'n witpak aan doodgevind is ?-- Ja, 'n Bantoe.
1. Weet u waar ?-- Dit is om en by die Bergrivier, in die omgewing van Bredastraat.
2. Is dit die persoon op foto B.5 ?-- Ja, John Nkyana.

DEUR DIE STAATSAANKLAER: In oorleg met die Verdodiging wil die Staat nou twee verklarings inhandig. Die een is die doktersverslag aangaan die ondersoek op mev. F.C. Perold wat hier reeds getuig het; die 'n oorspronklike verklaring.

DEUR Mnr. GIBSON: Ons het geen beswaar nie.

DEUR Mnr. VAN RYNEVELD: Ons het geen beswaar nie.

(Ingehandig as Bewys. BB.)

DEUR DIE STAATSAANKLAER: Daar is ook 'n beëdigde verklaring deur ene mnr. J.P. Mokke, die persoon is op die oomblik baie ernstig siek. Die Verdodiging het toegestem dat ons die verklaring kan inhandig.

DEUR Mnr. GIBSON: Ons het geen beswaar nie.

DEUR Mnr. VAN RYNEVELD: Ons het geen beswaar nie.

DEUR DIE STAATSAANKLAER: Ek sal die verklaring uitlees en inhandig. (Bewys. "CC").

John Pieter Mocke, witman, 65 jaar oud, verklaar:

Ek woon te Loopstraat nr. 9, Paarl. Dit is net myself en my vrou wat die huis bewoon. Op 21/11/62 ongeveer 9.30 p.m. het my vrou en ek gaan slaap. Die voordeur van die huis was gesluit en op die veiligheidsketting geplaas. Ongeveer 4.30 v.m. op 22/11/62 het ek 'n gekap gehoor en daarna het 'n vrou aanhoudend gegil en vir hulp geroep. Ek het by die slaapkamer se venster uitgekyk en gesien dat Bantoes by mev. Vermeulen se huis is. Hulle was besig om ruite in die vensters stukkend te kap. Die Bantoes het vanaf Loopstraat se rigting langs mev. Vermeulen se huis na die agterkant toe beweeg. Die

vrou het toe alreeds vir hulp geskresu. Ek het besef dat daar moeilikheid is en het dadelik my rewolwer gaan laai. Ek het ook die deur op die veiligheidsketting geplaas sodat dit 'n endjie ooggestaan het. Ek het die skietery gehoor by mev. Vermeulen se huis. Ook by mnr. tu Toit en mnr. Heckman se huis. Verskeie Bantoes het vanaf die bokant van Loopstraat af gehardloop voor my deur met die straat verby. Hulle het almal donker klere aangehad buiten een van hulle wat 'n wit oorpak aangehad het. Hierdie Bantoe met die wit oorpak het naby my voorste hekke in die straat geval. Ek het ook toe 'n skoot op hom gevuur met 'n .22 pistool wat ek by my gehad het. Die Bantoe het weer opgesukkel en met moeite verder af probeer hardloop met Loopstraat af. Ek sal nie weer hierdie Bantoe se gesig ken as ek hom weer te sien kry nie. Hy was die enigste Bantoe wat 'n wit oorpak aangehad het wat ek gesien het. Ek is die eienaar van 'n .22 pistool en is in besit van lisensie nr. 843024 uitgereik te Paarl op 16/8/1960. Niemand is by my huis beseer nie en geen skade was aan my eiendom veroorsaak nie." Dit is deur mnr. Moeke geteken en beëdig deur sersant Vermeulen.

JOHANNES ALBERTUS POOL, beëdig verklaar:

1. VERHOOR DEUR Mnr. STADLER: U is 'n speurder sersant, S.A. Polisie, gestasioneer te Paarl ?-- Dis reg.
2. Op die 22ste November 1962 ongeveer 9 vm. het u Besk. nr. 20, Madikane, gearresteer ?-- Dit is reg.
3. Waar het u hom gearresteer ?-- 28 Poeksehuise, Suide P&rel.
4. Kan u presies vir die Hof beskryf wat daar gebeur het ?-- Ja, ek het inligting gekry dat daar drie Bantoesmans onder verdagte omstandighede aangekom het en ons het soontoe gegaan, ek en ander lede van die mag. Ek het party lede agter om die

huis gestuur en ek het voor ingegaan. Ek het een Bantoeman in die huis gevind wat net besig was om deur die venster te spring. Die ander twee het reeds deur die venster gespring, waarvan Beskuldigde nr. 20 een was: en hulle is deur die ander lede wat agter om die huis gegaan het gearresteer. Ek het dit gesien.

1. Weet u waar die volgende plekke geleë is met betrekking tot mekaar: Mbekweni-lokasie, die firma Master Treads, en hierdie plek wat u nou van praat, Beck se huise?-- Ja.

2. Kan u aan die Hof sê hoever Beck se huis weg is van die firma Master Treads?-- Dit is presies vyfmyl by die kortste pad.

3. Is dit op pad vanaf Mbekweni na Master Treads?-- Nee. Master Treads is op pad Mbekweni-lokasie af na Beck se huise. Master Treads is tussen die twee.

4. DEUR DIE HOF: Hoever is Master Treads vanaf Mbekweni?-- Ek sal sê maklik vyfmyl. Ek het dit ongelukkig nie afgemeet nie.

5. VERHOOR DEUR M<sub>r</sub>. STADLER VERV.: Dan is Beck se huise ongeveer tienmyl vanaf Mbekweni af?-- Dit is reg.

(Geen verdere vrae nie)

GEEN KRUISVERHOOR NIE.

6. DEUR DIE HOF: Wat is Beck se huise presies?-- Dit is huise wat bewoon word deur nie-blankes, Bantoes en kleurlinge gemeng.

7. Waaruit bestaan dit nou?-- Die betrokke huis het net twee vertrekke, een waar jy ingaan en dat net 'n afkorting en nog 'n vertrek.

8. Waar is die venster?-- In die agterkant.

9. Wie het u na die agterkant gestuur?-- Bantoe spr. konstabel Mehlomakula, en die ander een kan ek nie onthou nie.

10. Kan u vir die Hof beskryf hoe Beskuldigde nr. 20 aange-trek was?-- Hy het 'n blou oorpak aangehad.

1. Kan jy iets anders onthou ?-- Ek dink hy het ook 'n baad-  
nie aangehad maar ek is nie 100% seker nie.
2. DEUR Mnr. VAN RYNEVELD: Die blou oorpak, is dit dieselfde  
soort oorpak wat hulle in die Pêrel gebruik ?-- Min of meer.
3. DEUR Mnr. GROENEWALD: Is die Beck se huise privaateiendom  
?-- Dit is, ja, sover my kennis strek.
4. Kan u sê of dit bedoel is vir sekere persone, werknemers  
of so ?-- Nee, dit is nie vir werknemers bedoelnie; dit is  
privaatmense wat daar woon.

---

ERASMUS PETRUS NORTJE, beëdig verklaar:

5. VERHOOR DEUR STAATSAANKLAER: U is 'n speurder sersant,  
S.A. Polisie, verbonde aan die veiligheidsafdeling en ges-  
tasioneer te Stellenbosch ?-- Dis korrek.
6. Op 22/11/62 ongeveer 2,40 nm. het u gegaan na die firma  
Master Treads, Paarl ?-- Dis reg.
7. Wat het u daar gedoen ?-- Ek het die Beskuldigde Damane,  
(nr. 21) daar aangetref. As gevolg van inligting wat ek op  
die terrein daar ontvang het, het ek na die agterplaas gegaan  
en daar het ek 'n blou oorpak gevind. Hierdie oorpak het  
uitgespan op 'n grasplek daar gelê en die indruk wat ek gekry  
het dat dit uitgewas was en daar gelaat was om droog te word.  
Ek het dit in bewaring geneem. Die Beskuldigde het 'n ander  
oorpak, soortgelyk aan die vorige, aangehad. Hy was besig  
met sy werk met my aankoms daar; ek het hom na die polisie  
kantoor in die Paarl geneem. Met ons aankoms daar het ek die  
aard asook die êrre van die saak aan die Beskuldigde verduide-  
lik, en nadat ek hom gewaarsku het volgens regtersreels het ek  
sekere vrae aan hom gestel.
8. In watter taal ?-- Die Beskuldigde is Afrikaans goed mag-  
tig en ek het Afrikaans met hom gepraat. Ek het die Beskul-  
digde se persoon noukeurig deursoek. Hy het 'n paar skoene

aangehad wat nog nat was. Met verdere ondersoek het ek gevind dat daar nog baie sand in die skoene was.

1. Watse soort sand?-- Die sand is soortgelyk aan die wat 'n mens gewoonlik in die rivierbed kry, dryfsand. Ek het van die sand in bewaring geneem en dit is nou voor die Hof, en ek sal dit nou inhandig, (Bewys. 33.) Toe ek vir sersant Bouwer iets gesê het in verband met die nat skoene en die sand het hy uit eie beweing verduidelik dat hy die vorige aand omstreeks 6 nm. van ander mense gevlug het en deur die rivier gehardloop het en daar het sy skoene nat geword en sand daarin gekry.

2. Kan u onthou of die Beskuldigde enige ander kledingstukke aangehad het toe u hom by Master Treads gekry het?-- Ja, hy het ook 'n vaal flenniebroek aangehad. Aan beide die pype van daardie broek was daar skeurplekke, wat vir my vars voor-gekom het. Ek het die broekpype afgeknip met 'n sker en dit is ook besigbaar vir die Hof. (Ingehandig Bewys. 34.) Dit is in dieoorspronklike toestand soos dit gevind is.

3. Weet u of Beskuldigde 'n baadjie aangehad het?-- Hy het 'n swartbaadjie aangehad het, ek onthou dit, maar dit was nie in bewaring geneem nie.

4. Het die Beskuldigde enige verduideliking gegee hoekom daardie oorpak daar lê?-- Ja, die Beskuldigde het verduidelik dat sy oorpak vuil was en toe het hy besluit om dit uit te was daardie oggend -- die oggend van die onluste. En die oorpak wat hy aangehad het het hy gesê hy van ene Lennox geleen het solank syne nog arcog word. Die Beskuldigde, op die bewering wat hy gemaak het dat ander mense hom gejaag het het ook gesê dat een van die wat hom agtervolg het hom agter die rug met 'n klip gegooi het. Ek het hom gevra of hy enige van hulle se name kan noem. Hy was nie instaat om dit te doen nie. Hy het bygevoeg dat hy hulle kan uitwys indien hy hulle weer mag sien. Ek het sy liggaam noukeurig onder-

soek en kon geen beserings vind nie, nie op die plek waar hy beweer die klip hom getref het nie, en ook nie ander dele van hom nie. Hy het ten strengste ontken dat hy vroeëre daardie nag aan die onluste deelgeneem het en hy beweer dat hy daardie nag nie in sy kamer geslaap het nie maar wel in 'n plantasie naby mnr. Ferreira se winkel.

1. Kyk na die oorpakke daar en sê of dit die oorpakke is waarop u beslag gelê het ?-- Ja, die een is die wat ek op beslag geneem het wat daar in die son gelê het met rooi letters op, Master Treads, en die ander is die wat hy beweer hy van Lennox geleen het. Dit het ook rooiletters op. (Bewys. 35, altwee.) Ek het Beskuldigde toe gearresteer en aangehou vir verdere ondersoek.

1. KRUISVERHOOR DEUR Mnr. VAN RYNEVELD: Kon daardie sand (Bewys. 33) van enige rivierbed gekry geword het ?-- Ja.

2. Ook van enige voetpad langs die rivier ?-- Ja.

3. Feitlik van enige plek hoegenaamd waar daar die sand is waar 'n man gestap het ?-- Ja, daardie sand is betreklik skoon, en dit is oerwendig iets wat jy sal kry by 'n rivierbed.

4. Hy het gesê dat hy wel riviersand in sy skoene gekry het toe hy van die mense gevlug is ?-- Ja.

5. DEUR DIE HOF Wat het hy gesê ?-- Hy het gesê hy het deur die rivier gehardloop.

6. KRUISVERHOOR DEUR Mnr. VAN RYNEVELD: Kyk na die skeurplekke in die broekpype; lyk dit vir jou na varskeure ?-- Ja, dit lyk so vir my.

7. Nog vandag ?-- Ja, vandag ook.

8. DEUR DIE HOF: Hierdie skeure is op 'n plek wat reeds voorheen heelgemaak is ?-- Dit is so, langsaan die plek eintlik. Nadat die pype afgesny is, is dit natuurlik nie verder gebruik of hanteer en gevolglik lyk dit vandag ook vars soos

dit daardie dag gelyk het.

1. En dit is nou ten minste viermaande sedert hulle in jou besit gekom het ?-- Ja, en hulle sal seker oor 'n paar maande nog so lyk omdat hulle is nie gebruik nie. Die weefsel-tjies is nog heeltemal vars afgebreek.
2. Kan jy werklik sê hulle is vars skeurplekke ?-- Jal dis duidelik . As hierdie broek nou b.v. gewas was, sou dit heeltemal anders toon, hierdie plekke wat vandag so vars lyk.
3. Ek sê nie as dit gewas is nie, maar as dit gebruik is ?-- Ja, selfs dan ook.
4. Het u enigiets verder aan daardie broekpype gemerk ?-- Behalwe dat hulle droog was, verder niks nie. Hulle was nie nat.nie.
5. Dis net die skoene wat nat is ?-- Ja, net die skoene.
6. Ek stel dit aan u dat die skeurplekke reeds oud was op 22/11/62 ?-- Ek twyfel dit want dit het vars geskeer voorgekom.
7. DEUR DIE HOF: Het u die Beskuldigde vir 'n verduideliking daaroor gevra ?-- Nee, behalwe dat hy verduidelik het dat hulle lankal so geskeer is; ek het hom nie verder uitgevra nie. (Geen herverhoor nie)
8. Mnr. LOUW: Was die broek van die Beskuldigde onder sy oorpak ?-- Ja.
9. En het hy dit so stukkend gedra ?-- Ja.

---

ANDERSON NTUNTSHA, beëdig verklaar:

10. VERHOOR DEUR Mnr. STADLER: U werk by die Sagte Vrugte-raad, Daljosaphat ?-- Ja.
11. Jy het gedurende November verlede jaar ook op die persele geslaap ?-- Ja.
12. Hoe lyk die plek waar jy geslaap het ?-- Dis 'n gebou binne in die persele.

1. Hoeveel kamers is daar ?-- Twee.
2. Het iemand anders ook daardie tyd daar geslaap ?-- Ja.
3. Wie is hy ?-- Douglas.
4. Weet jy van die nag wat daar moeilikheid in diePêrel plaasgevind het, toe Bantoes hier ingeloopt het ?-- Nee.
5. Het jy daarvan gehoor ?-- Ek het die volgende dag gehoor.
6. Kan jy onthou of die nag voor jy gehoor het, of daardie nag enigiemand by jou slaapplek kom vra het by jou ?-- Niemand het by my slaapplek gekry nie.
7. Was jy daardie nag in jou kamer ?-- Ja.
8. Kan jy onthou of daar lank na die dag speurders en polisie-manne na jou toe gekom het met 'n man wat sou beweer het dat hy by jou geslaap het ?-- Ek onthou dit.
9. Wat het jy vir hom gesê ?-- Ek het die speurder gesê dat die oggend toe ek opstaan het ek gesien dat daar twee persone buitekant langs die persele sit.
10. Hierdie persele waar jy geslaap het, is dit toegekamp -- is daar 'n hek ?-- Hulle is eintlik in die persele van die ander firma. Daar is 'n draadheining tussen die twee firmas.
11. En julle persele, is daar 'n hek daar ?-- Daar is 'n hek maar die hek bly oop; hy word nie toegemaak nie.
12. Ken jy die persoon wat die speurders na jou toe gebring het ?-- Ek ken hom; ek het hom by die voetbalgronde gesien.
13. Kyk hier en sien of hy in die Hof is ?-- Ja, daar is hy. (Wys uit Beskuldigde nr. 12).
14. Die dag toe die speurder Beskuldigde 12 daar aangebring het by jou slaapplek, waar was jy gewees toe hulle daar kom ?-- Toe ek terugkom van die latrine af toe staan die speurders alreeds met die Beskuldigde asook die man wat saam met my in die kamers bly, buitekant die deur.
15. Wie het eerste gepraat ?-- Die speurder.
16. Die twee mans wat <sup>van</sup> jy/gepraat het , die oggend na die onluste was dit binne die persele langsaan, of langsaan die



